191. A. 1 (25)

# DIE GELOFTEKERK, PIETERMARITZBURG.

('n Ondersoek na die geskiedenis van die huidige Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, en veral na die vraag of dié gebou die Geloftekerk van die Voortrekkers was).

-------------

Deur Prof. H. B. Thom.

Op die jongste sitting van die Sentrale Volksmonumente-Komitee, 20 Januarie 1947 in Kaapstad, is daar melding gemaak van opspraakwekkende bevindings in verband met die geskiedenis van die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg:

> „Mnr. C. M. Booysen verwys na argivale ondersoek deur ds. C. Pistorius wat aan die lig gebring het dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie. Hy deel mee dat vertoë tot die Pietermaritzburgse stadsraad gerig is om die oorspronklike stuk grond vir so 'n groot Geloftekerk te gee. Hy hoop die S.V.K. sal besluit dat so 'n Geloftekerk wat opgerig sal word, as die kleiner Voortrekkermonument van Natal beskou sal word." 1)

Die S. V. K. het gevoel dat hier 'n gewigtige saak aangeroer word, wat met groot versigtigheid en kalme beraad behandel moet word, en daarom het hy dit nodig gevind om eers nadere ondersoek te laat instel:

> „Die S.V.K. besluit om drs. H. B. Thom en S. P. Engelbrecht op te dra om op S.V.K.-koste ondersoek te gaan instel na die geskiedkundige juistheid van ds. Pistorius se bevindings en dat hulle versoek word om 'n verslag van hulle ondersoek binne die verloop van een jaar by die S. V.K. in te dien". 2)

My ondersoek het ek nou voltooi, en hiermee wens ek verslag daaroor te doen.

Voordat ek dit doen, wil ek egter eers my hartlike dank uitspreek teenoor die beamptes van die Akteskantoor, die Landmeter-Generaal se kantoor en die Natalse Argief in Pietermaritz-

---

1) Notule, S.V.K., 20 Jan. 1947, p. 3.
2) Ibid.

burg- en by name aan die here P.C.O. Strydom, J. van Heerden en H. de Waal van die Argief - wat geen moeite ontsien het om my navorsingswerk te vergemaklik nie. Ek is ook besondere dank verskuldig aan dr. A. J. du Plessis van Pietermaritzburg wat so vriendelik was om my aandag op 'n hele aantal uiters belangrike dokumente te vestig en gewaarmerkte afskrifte van sommige daarvan tot my beskikking te stel.

Die standpunt van ds. Pistorius, dr. du Plessis en die Kerkraad van die moedergemeente in Pietermaritzburg is dat die huidige Voortrekkerkerkie (of-museum) deur die Voortrekkers nooit as hulle eintlike Geloftekerk gebou is nie, maar dat hulle dit as 'n tydelike geboutjie bedoel het wat later, wanneer die nodige fondse voorhande sou wees om die werklike Geloftekerk op te rig, in 'n pastorie omgeskep moes word. Vanweë die Engelse anneksasie en die gevolglike vertrek van die meerderheid van die Voortrekkers uit Natal, sou hierdie plan egter nooit werklikheid geword het nie, en sou die eintlike Geloftekerk dus vandag nog nie bestaan nie. Die Kerkraad het getrag om 'n sekere stuk grond in Pietermaritzburg, Langmarkstraat 33, wat die Volksraad oorspronklik vir die ware Geloftekerk opsy sou gesit het, terug te kry ten einde dié gebou dan nou daarop te bou. Hierdie standpunt het ds. Pistorius en dr. Du Plessis met aanvoering van historiese getuienisse gesteun.[3)]

Hulle mening is egter deur verskeie persone bestry, wat verklaar het dat die Gelofte reeds na behore nagekom is; dat die huidige Voortrekkermuseum in werklikheid geen tydelike kerkgebou was nie; dat die Voortrekkers dit wel as hulle Geloftekerk beskou het; en dat dit ook vandag nog só beskou moet word. In 'n aantal tydskrifte het artikels en briewe verskyn, en daar is inderdaad 'n lewendige pennestryd gevoer, wat van groot openbare

---

3) Vgl. b.v. Pistorius, Is die Gelofte al Nagekom? (Die Taalgenoot, Des. 1946); Du Plessis, Is die Geloftekerk al Gebou? (Die Natalse Afrikaner, 26 Junie 1947); en Du Plessis, Die Geloftekerk (Die Huisgenoot, 4 Julie 1947).

belangstelling in die saak getuig het.[4]

In die loop van die stryd is 'n menigte feite en gesigspunte na vore gebring, en nuttige en waardevolle bydraes is ook gelewer. Dog aan die ander kant is dit ook waar dat veel van wat geskryf is, die kardinale punte nie geraak het nie en dus nie tot 'n beter begrip van die saak bygedra het nie.

'n Studie van wat oor die vraag verskyn het, en 'n ondersoek op grond van die bronne in Pietermaritzburg en elders, het my o.a. tot die oortuiging gebring dat ons hier voor twee kardinale vrae te staan kom : I, Het die Voortrekkers na afloop van die Wenkommando in vervulling van hulle Gelofte 'n kerkgebou opgerig? en II, Het hulle beoog om later 'n groter, waardiger Geloftekerk te bou? As ons hierdie vrae afdoende kan beantwoord, sal daar geen duisterheid meer wees nie. En waar ons nou duidelike antwoorde gaan soek, is dit noodsaaklik dat ons die bronne soveel as moontlik self moet laat spreek.

I. Het die Voortrekkers na afloop van die Wenkommando in vervulling van hulle Gelofte 'n kerkgebou opgerig?

Soos welbekend is, het die manne van die Wenkommando vóór die slag van Bloedrivier hulle Gelofte aan die Here gedoen. Daar bestaan drie uitvoerige mededelings hieroor: dié van Jan Bantjes, wat Joernaalskrywer van die Wenkommando was en onder datum 9 Desember 1838 die aflegging van die gelofte beskryf; dié van Andries Pretorius, die aanvoerder van die Kommando, wat 'n week ná die slag van Bloedrivier uit Dingaan se hoofkraal 'n mededeling daaroor gedoen het; en dié van Sarel Cilliers, wat namens die burgers die gelofte afgelê en dit dertig jaar later saam met sy ander herinneringe opgete-

---

4) Stukke het verskyn in b.v. Die Taalgenoot, Die Natalse Afrikaner, Die Kerkbode, Die Burger, Die Huisgenoot, Fleur, Die Volkstem, The Natal Witness, en Die Wekroep.

ken het.[5]

Soos 'n mens kan verwag, bestaan daar verskille tussen die drie lesings. Die beste en noukeurigste is ongetwyfeld dié van Bantjes, wat sy aantekenings onmiddellik en ter plaatse gemaak het. Hy sê:

> „Des Zondags morgens voordat de godsdienst begon liet de Hoofdkommandant „(Pretorius) dengenen die de godsdienst zouden verrichten by malkander komen, en verzocht hen met de gemeente, te spreken dat zij allen volijverig in geest en in waarheid tot God mochten bidden om zijn hulp en bijstand in 't slaan tegen de vijand; dat hij aan de Almachtige 'n gelofte doen wilde (indien allen wel wilden) om, zo de Heere ons de overwinning geven mag, 'n Huis tot Zijn grote naams gedachtenis te stichten, alwaar het hem sal behagen; en dat zij ook moesten afsmeken de hulp en bijstand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen; en dat wij de dag der overwinning in 'n boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken aan onze laaste nageslachten, opdat 't ter ere van God gevierd mag worden".

Andries Pretorius het weer verklaar:

> „.... dat wij alhier onder elkanderen besloten hebben om de dag onzer overwinning, zijnde Zondag, de 16e dezer maand December, onder ons ganse geslacht te doen bekend worden, en dat wij het aan de Heer willen toewijden en vieren met dankzeggingen, zoals wij voordat wij tegen de vijand streden in 't openbaar gebed beloofd hebben; zo ook dat, zo wij de overwinning verkrijgen mogen, wij den Heere tot zijns naams gedachtenis 'n huis stichten zullen, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal; welke geloften wij nu ook hopen te betalen met de hulp des Heeren; nu Hy ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft".

Paragraaf.

Sarel Cilliers kom ooreen met Bantjes en Pretorius wat betref die plegtige herdenking van die oorwinningsdag, maar maak geen melding van 'n kerkgebou nie. Hy het vermoedelik, toe hy op sy ou dag sy herinneringe op skrif gestel het, hierdie punt nie meer duidelik in gedagte gehad nie. Uit wat Bantjes en Pretorius so nadruklik getuig, en uit wat deur mondelinge oorlewering tot ons gekom het, is dit in elk geval

---

5) Die drie lesings, tesame met 'n bespreking van die Gelofte, is te vinde by Preller, Andries Pretorius, pp. 35 - 37.

volkome duidelik dat die voorneme om 'n kerk te bou, 'n onafskeidelike deel van die plegtige gelofte was.

Aan die begin van Januarie 1839 het die Wenkommando sy taak voltooi. Pretorius en sy manne het hulle gelofte nie vergeet nie; inteendeel, hulle was voornemens om dit gou na te kom, want in die aangehaalde woorde van Pretorius - wat hy op 23 Desember 1838 geskryf het - het ons o.a. gelees:

> „..... welke geloften wij nu ook hopen te betalen met de hulp des Heeren; nu Hy ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft."

Voordat hulle met die bou van 'n kerk kon begin, moes daar egter heelwat voorbereidingswerk gedoen word, en moes veral fondse en materiaal ingesamel word. Wat 'n plek aanbidding betref, moes hulle begryplikerwyse dus maar vireers heeltemal tydelike reëlings tref.

Pietermaritzburg het toe nog maar ~~net~~ uit 'n klompie hartbeeshuisies bestaan, en 'n mens kan verwag dat die Voortrekkers voorlopig in een van die geskikstes hiervan sou byeengekom het. J. H. Steenkamp, 'n seun van een van die Voortrekkers wat destyds in Pietermaritzburg was, skryf in 1910 dat sy vader vertel het:

> „De Plaats waar zy aan baden (voor het bouwen van de Kerkje) was de woning van weduwe Piet Retief ...... van de bovenste regterhantse hoek van de mark plyn reg zononder tussen Kerk straat en de tweede reg op straat. Het was de huis van tant Lenie Retief, zoo als zy genoemd werd den tyt, vader is in die huis getroud, en ou Joseb de Kok heef ook later in de nabyheid van dien huis gewoond". 6)

Volgens die oudste Pietermaritzburgse stadskaart was die erf van wed. Retief geleë in Kerkstraat - No. 22 [7] - wat ooreenkom met die ligging soos hier deur Steenkamp beskryf.

Spoedig het hulle egter ander voorsiening gemaak, want mev. Erasmus Smit ('n suster van Gert Maritz) vertel dat

---

6) Brief van J. H. Steenkamp aan John H. Hershensohn, dd. Rustplaats, 31 Maart 1910. - Accessions 53: Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg. Natalse Argief.

7) Vgl. S.G.O. II/5: H.M. Commissioner H. Cloete; Register Erven etc., Kaart hierin. Natalse Argief.

haar man gepreek het in „ zijne arme van riete Kerk gebouw".[8] Ons kry maar baie min lig op hierdie „ riete Kerk gebouw", maar dit was blykbaar 'n baie primitiewe, tydelike vergaderplek wat nodig sou geword het omdat die getalle vir die huis van wed. Retief weldra te groot sou gewees het.[9] Uit 'n brief van landdros J. P. Zietsman kan 'n mens aflei dat dit aangekoop is en nie spesiaal as 'n plek van aanbidding opgerig is nie. Op 30 Januarie 1840 skryf hy aan die Volksraad:

> „ De Heer A. A. Smith heeft nog een fordering op den Kerken kas van Rds. 110 - zynde gelden door hem voorgeschooten ter inkoop van den tegenswoordige Kerk gestigt". 10)

Met die insameling van fondse en voorrade vir die Kerk wat hulle beloof het, het die Voortrekkers ondertussen nie agterweë gebly nie. Vroeg in 1839 was hulle reeds hard besig. Op 13 Mei skryf Jacobus Burger, Johannes Shephanus Maritz en Andries Pretorius in 'n gesamentlike brief aan ~~enige~~ sekere predikante in die Kaapkolonie:

> „zo hebben wy geen ogenblik laaten voorbygaan maar zyn dadelik bezig geweest om lysten te vormeeren tot inteekening voor den God aller Goden voor wiens wonderlike bescherming een yder moet verstommen ..." 11)

Verskeie van die lyste ~~wat hier genoem word~~ het vir ons bewaar gebly. Op die gebruiklike wyse word hulle ingelei met 'n verduideliking van die doel van die insameling, en dié verduideliking is, behoudens onbeduidende afwykings, oral dieselfde. Die volgende dien as voorbeeld:-

> „ Daar de Raad des Volks besloten heeft op de Plaats genaamd Pieter Mouritz Burg eene Gereformeerde Kerk te stichten, zoo is het dat dezelve by deze een iegelyk goedguntiglyk uitnoodigt daartoe te willen bydragen.

---

8) Accessions 65: Dagboeke van Mev. E. Smit, No. 4, p. 25. Nat. Arg.

9) In 'n brief in The Natal Witness van 12 Junie 1947 sê die heer John M. Hershensohnn van Greytown: „ .... pending the building of the Church of the Vow, the Voortrekkers worshipped in a temporary building in Berg Street". Miskien was hierdie gebou in Bergstraat niks anders as die „ rietkerk" nie.

10) Republiek Natalia, Landdrost P.M. Burg, VI, No. 139. Nat. Arg.

11) Brief gerig aan di. A. Faure van Kaapstad, T. Herold van Stellenbosch, G.W.A. van der Lingen van die Paarl, en P. Faure van Wynberg. - De Kondschapper, Sept.1910,pp.343-345.

> Veel over dit gewigtig punt te zeggen zou noodeloos wezen. Ieder weldenkende Christen zal het noodzaakelyke daarvan inzien." 12)

Na die verduideliking volg dan die handtekeninge met bydraes van die mense.

Uit een van die lyste blyk dat die „Raad des Volks" nie slegs besluit het om 'n Kerk te bou nie, maar ook reeds 'n boukommissie aangestel het, t.w. Andries Pretorius, H.P.N. Pretorius , Johs. Stephs, Maritz, Lucas Johs. Meyer en Jan du Plessis, met Jacobus Burger as sekretaris en Jacobus Moolman as Penningmeester.[13)]

Sommige van die Voortrekkers het redelike goeie bydraes gegee, maar andere, wat vanweë die beproewings van die treklewe en veral die rowery van die Kaffers verarm was, kon maar baie min bydra. Ook 'n paar Engelssprekendes het bygedra: Charles Maynard, Richard Daniell en Henry Nourse, een pond elk. John van der Plank het sekere goedere geskenk. Sy bewys, dd. Pietermaritzburg, 28 Nov. 1839, lui:

> „I will give to the Church of Pieter Maritzburg 2 kegs of White Paint of 30 lbs. each and one Keg of green paint 14 lb, weight and ten loads of building stone". 14)

Maar die insameling van 1839 was nie tot Pietermaritzburg en onmiddellike omgewing beperk nie. In hulle brief van 13 Mei 1839 aan die Kaapse predikante het Burger, J. S. Maritz en Andries Pretorius ook gesê dat hulle deur éne J. H. Holtman herinner is aan

> „eene somme gelds dat in handen van de Comite voor de Emigranten (d.i. die Komitee wat hom in die Kolonie vir hulp aan geteisterde Voortrekkers beywer het) nog berustende is, dat mogelyk door aanvraag ons zoude geschonken worden tot opbouwing van een Kerkgebouw onder ons".

---

12) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg: Lêer No. 1, Lyste 1839. Nat. Arg.

13) Ibid.

14) Ibid.

Die berig van Holtman was vir hulle besonder welkom, en hulle gee dus in oorweging of die geld nie vir genoemde doel aan hulle oorgedra kon word nie. 15)

Ook in Kaapstad is fondse ingesamel. C. J. Brand, redakteur van De Zuid-Afrikaan, het hier die voortou geneem. Op 13 Junie 1839 skryf hy aan Pretorius:

> „Ik heb eene inteekening lyst alhier geopend tot bydragen van den opbouwen des tempels, welke gy den Heere hebt belooft, en ik hoop met de volgende gelegenheid te kunnen mededeeling doen van des goeden uitslagen". 16)

Op 29 Oktober 1839 het die „opsienders van den gemynte van P. M. Burg" ook 'n oproep uitgestuur aan mense wat ver verwyderd van Pietermaritzburg gewoon het. - Waar dit presies was, word nie gesê nie. Die oproep begin met die woorde:

> „Seer geliefde broeders, susters en vrienden in den heren, als meden alle amps personen soo wel kerkelyk als andersins. Daar wy voornemens zyn op boven gemelde dorp een ware gerifformeerde Kerk ofte ware gerifformeerde godsdienstig huys op te bouwen ..."

Die „opsienders" versoek derhalwe „een aalmoes" vir die kerk. Hulle is verplig om van goedgesinde persone hulp te vra:

> „..... dien armoedigen toestand wegens rinnuwerigge door Silkaats en Dunkaan aan verscheydene mensen gedaan dring ons tot nootsakkelykheid U.E. assistensie, hulp en bystand te vragen aan alle weldenkende personen die tracten sal dat ons ware gereformeerde kerken hier in ons land opgebout sal worden, en dat den dierbare evangelium den gehele wereld door sal verkonding worden. Soo verwagten wy van alle die genen die den liven here Jesus zyn naam en syn heilig dierbaar woort tracht groot te maken dat die sodanigen hun milde hand open doen ....."

Dan volg die name van die persone wat aan die oproep gehoor gegee het. 'n Hele aantal mense met die naam Cilliers kom daaronder voor. Altesame 266 riksdaalders is bygedra, wat J. D. Cilliers onderneem het om aan die „Kerk Colegie" van Pietermaritzburg te oorhandig. 17)

---

15) De Kondschapper, Sept. 1910, p. 343.

16) Pretorius en Kruger, Voortrekker- Argiefstukke, 1829 - 1849, p. 84.

17) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg : Lêer No. 1, Lyste 1839. Nat. Arg.

Sarel Cilliers het op dieselfde dutum (29 Oktober 1839) aan die Rietrivier op die mense van die omgewing 'n beroep om ondersteuning gedoen:

„ Seer geliefde vrienden, Broeders en Landgenooten, ik ben berigt dat onze Broeders die aan Poort Natal zyn allreede een aanvang maak tot een Kerk een bereiding van hout en steen. „Ik heeft ook gehoort dat door hun gelt in geteekend" vier duyzend Ryksdalders tot opbouwing van dezelve." Hier is ook een lys voor de Kerk gewees daar een aanzienlyke deel opgeteekend heeft, maar daar is niet een die de gelt invordert".

Hy onderneem om die geld in ontvangs te neem en in Pietermaritzburg te besorg. Hy vra dan dringend om bydraes:

„ ..... soo als er staat werpt u brood uyt op de water naa veele dagen zult gy het vinden. Ja geef een deel aan seven ja ook aan agt ...."

Hy sê ook dat die kerk in Pietermaritzburg gebou sal word deur G. Mokke, „ hy heeft het aangenomen ".[18]

Aldus is daar dan reeds in die jaar 1839, d.w.s. binne twaalf maande na die aflegging van die Gelofte, in Pietermaritzburg en op plekke ver daarvandaan af fondse ingesamel. Uit die voorgaande is dit duidelik, en hierop moet ons goed let, dat die mense wat in hierdie tyd bygedra het - in Pietermaritzburg, in Kaapstad, aan die Rietrivier of waar ook - definitief vir 'n kerkgebou gegee het; van 'n tydelike kerk of pastorie is daar aanvanklik geen sprake nie.

Waar kom die idee van 'n tydelike kerkgebou en pastorie dan vandaan?

Die insameling wat vroeg in 1839 begin het, is ook ná die end van hierdie jaar voortgesit. Die Voortrekkers het eers geen vaste geordende leeraar gehad nie, en hulle het goed begryp dat hulle hulle nie slegs vir die bou van 'n kerk kon beywer nie maar ook 'n predikant moes kry. In hulle aangehaalde brief aan die Kaapse predikante het Burger, J. S. Maritz en Pretorius ook onomwonde hulle begeerte uitge-

18) Ibid.

spreek om hulle eie vaste leeraar te hê, - wat sou hulle met 'n huis van die Here begin as hulle nie 'n leeraar het nie? Hulle vra die dominees om hulle te help om 'n predikant te vind.[19]

Hulle het wel nog vir Erasmus Smit gehad, maar hy was nie 'n geordende predikant nie en het, afskoon hy op die Trek deur Retief tot predikant van die reisende gemeente benoem is, by baie Voortrekkers nog steeds nie in die smaak geval nie. Die idee het weldra opgekom om Daniel Lindley, 'n Amerikaanse sendeling wat destyds in Natal gearbei het, as predikant te beroep. Op 3 Januarie 1840 het die Volksraad hieraan aandag gewy:

„Is voortgebragt door enige leden van den Raad, om den heer Lindley aan te stellen als predikant onder ons. Door de gesamentlijke leden goedgekeurd, mits hij zyn documenten toonen zal voor de volgende vergadering en dat hij onze grondstelling van de Gereformeerde Kerk aanneemt voor de geene die hem verkiest. Echter zal den heer Smit blyven bestaan als leraar voor de geene die hem verkoozen heef, onder protectie naar inhoud van zyn aanstelling." 20)

Die notule van die volgende vergadering, 4 Januarie, sê niks verder hieroor nie, maar in die vergadering van 6 Januarie word weer besluit:

„Dat aan den WEwaarde heer Lindley een brief geschreven zal worden, hem verzoekende als leeraar in dit gemeente onder vertoning zyner documenten als gepromofeerde leeraar". 21)

Die Trekkers het egter nog nie daarin geslaag om Lindley te kry nie. Voorlopig moes hulle met Erasmus Smit tevrede wees, en op 6 Maart 1840 het die Volksraad selfs besluit om hom 'n verhoging van salaris toe te staan:

„Een memorie door den Eerwaarde heer Smit om zyn tractement te vergrooten voor elk jaar zo lange zyn Ed. de dienst als leeraar nog zal waarneemen tot op Rd. 800, - het welk is toegestaan". 22)

---

19) De Kondschapper, Sept. 1910, p. 345.

20) Preller, Voortrekkerwetgewing, p. 31.

21) Ibid., p. 34.

22) Ibid., p. 39.

Die pogings om 'n geordende leeraar te vind het egter voortgegaan, en juis in die tyd toe Smit se salaris verhoog is, is 'n predikant uit die Kolonie beroep, ds. P. Albertyn. Die Volksraad het die saak op 7 Maart 1840 bespreek:

> „Van den heer Stefs. Js. de Kok een brief aan den Raad, omtrend een leeraar der Gereformeerde gemeente, den Wel Ew. heer P. Albertyn, door de gesamentlyke leeden toegestaan den Wel E. heer te beroepen tot predikant onder ons. Eenige vraagen gedaan, als verlangd het algem. hem of een andere? De antwoord is hem. Zyn er niet partyen die een andere gekoosen heef? Antwoord - Neen. Wat zal er met den heer Smit gedaan worden? - zal als rustend leeraar verblyfen. Hoeveel zal de salaris zijn? - Voor de eerste jaar seker 100 pond sterling op zyn minst." 23)

In Pietermaritzburg was die gedagte vry algemeen dat ds. Albertyn die beroep sou aanneem. Van hom word verskeie keer as „de verwagte leeraar" gepraat,[24] terwyl landdros J. P. Zietsman op 28 Maart 1840 selfs aan die Volksraad skryf dat hulle hom „na alle waarschynlikheid met de eerste vaartuige verwagten kan".[25]

Hiermee het die jong gemeente, wat finansieel maar baie swaar gekry het, nou eensklaps voor 'n nuwe probleem te staan gekom, wat hulle blykbaar voorheen nie duidelik raakgesien het nie. Erasmus Smit en Lindley was albei ter plaatse, en as een van hulle die leraar was, sou die kwessie van 'n pastorie nie so moeilik gewees het nie. Maar ds. Albertyn was nie dáár nie; hy moes oor 'n groot afstand kom; en as hy arriveer, moes 'n woning vir hom beskikbaar wees. Meer nog: die tydelike plek van byeenkoms ( die „rietkerk"?) was, vanweë die aanwas van die bevolking, lank nie meer toereikend nie, en Zietsman sê selfs dat dit „niet voldoende is voor een vierde getal der gemeente".[26]

Daar moes dus onverwyld voorsiening gemaak word vir 'n

---

23) Ibid., p. 42.

24) Sien kollektelyste vir 1840.- Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg: Lêer No. 1. Nat. Arg.

25) Republiek Natalia, Landdrost P. M. Burg, VI, No. 155. N.A. - Ds. Albertyn het die beroep ewewel nie aangeneem nie.

26) Ibid.

predikantswoning, en die kerkgebou waarvoor hulle al amper 'n jaar fondse ingesamel het, moes ook dadelik gebou word. Maar dit sou geld eis, heelwat meer as wat daar reeds byeen was, en dit was 'n vraag of die gemeente die onkoste sou kon dra.

J. P. Zietsman, wat ons uit die bronne as 'n baie wakker man leer ken, het egter met 'n plan voor die dag gekom. In sy pas genoemde brief van 28 Maart 1840 skryf hy aan die Volksraad:

> „Een leeraar voor deze plaatse ontboden zynde ... is het ook nodig dat er voorziening voor woning en godsdienstige gestig zal worden gemaakt ... Heb ik goed gedagt een plan aan de Edele Raad voor te stellen welke na myn op de voordeligste voor Kerk en gemeente op dit korte ogenblik zal komen te staan." 27)

Die Volksraadstukke werp nie verdere lig op Zietsman se plan nie, maar uit ander dokumente kan ons sien hoe die Voortrekkers toe gaan optree het, en dit lyk heel waarskynlik dat ons in hul optrede die uitvoering van Zietsman se plan het.

Hulle het naamlik besluit om die gebou wat hulle sou oprig, tydelik as 'n kerkgebou te gebruik om later, wanneer daar meer geld was, 'n nuwe kerk te bou en die ou gebou dan in 'n pastorie te verander. Voorlopig sou hulle in elk geval geen predikantswoning bou nie, maar eers ander reëlings daarvoor tref. In die kollektelyste wat uitgereik is kort nadat Zietsman van sy plan melding gemaak het, en waarmee nog steeds fondse en voorrade ingesamel is, kan 'n mens hierdie besluit duidelik sien uitkom.

Op Lys No. 1 van 1840, (15 April) heet dit dat hulle besluit het om

> „alhier te Plaatze een godsdienstig gestig te vervaardigen ..... welke gebouw, na dat de Kerk zal voltooijd zijn, tot een Pastorie of wooning voor den leeraar zal moeten veranderd worden - zo is het dat by deeze een iegelyk uitgenoodigd word daar toe te willen by draagen".

Daar word ook gesê dat hulle van voorneme was om op Maandag, 28 April van dieselfde jaar, met die bouwerk 'n begin te

---

27) Ibid.

maak.[28]

Lys No. 2 van 1840 dra min of meer dieselfde verduideliking.[29] Lys No. 3, ook 15 April 1840, vermeld die mate van die gebou, en rep ook van die voorlopige voorsiening vir 'n woning vir ds. Albertyn:

> „ Word door deezen het Publiek uitgenoodigd om naar ieders vermoogen te willen bij draagen tot het daarstellen eener gestigd tot Godsdienst oevening voor de gemeente op het pastorie grond in grootе van 50 voeten frond, en 30 voeten wijd, 13 voeten onder de balkken hoog,[30] het welk na dat er een behoorlijke kerk zal zijn, tot een pastorie moet worden ingerigt voor den leeraar tot een wooning - tenwijl er nu reeds door eenige aandeelhebbers buiten koste van het publiek een wooning voor den tyd voor de verwagte leeraar is daar gesteld". [31]

En so is daar nog 'n hele paar ander dergelike lyste.[32]

'n Studie van die bydraes op hierdie lyste bring 'n mens al gou tot die gevolgtrekking dat die Voortrekkers vir die doel van die insameling baie sterk moes gevoel het. Soos voorheen het sommige wat vry bemiddeld was, goeie bydraes gegee, terwyl die bydraes van die minder bemiddeldes maar gering was. Piet Retief se weduwee het in haar armoede 5 riksdaalders gegee; Andries Gouws en Willem Venter het elkeen onderneem om ses dae as messelaars te werk; Gert van Rooyen sou help om die kappe te maak; en Jan Rabie sou vyf vragte klippe bring. Andries Pretorius het o.a. 1000 bossies dekgoed beloof; net na hom het Jacobus Schepers sy bydrae geskryf : „ zal dat aan rijden".[33]

Dit het nou duidelik geword dat, nadat ds. Albertyn vroeg in 1840 beroep was, die plan opgevat is om 'n gebou op te rig wat eers as 'n kerk sou dien maar later in 'n pastorie verander sou word. Ooreenkomstig dié gedagte het die mense toe voortgegaan.

---

28) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg: Lêer No. 1, Lyste 1840. N.A.

29) Ibid.

30) Dit is die mate van die huidige Voortrekkermuseum. Die Voortrekkers het dus by die mate gehou wat hulle hier op lys No. 3 aangegee het.

31) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg: Lêer No. 1, Lyste 1840. N.A.

32) Ibid.

33) Vgl. Ibid., Lyste Nos. 1 en 4

Die gebou is opgerig erf No. 34, Langmarkstraat, 'n terrein wat baie mooi sentraal geleë was. Hierdie erf het in dié tyd - soos ons so pas uit lys No. 3 van 1840 gesien het, en soos ook uit lyste Nos. 1 en 7 van dieselfde jaar blyk[34] - as die „pastorie grond" bekend gestaan, wat nog verder daarop dui dat die gebou later tot pastorie verander moes word.

Met die bouery , wat blykbaar teen die end van April 1840 begin het,[35] het dit in die loop van hierdie jaar met rukke en stote gevorder. Die mense was arm en het swaar gekry, en sekere benodigdhede was skaars en moeilik bekombaar. Verskeie Voortrekkers, soos J. H. Steenkamp, Frans Botha, Marthinus Bekker, Piet de Wet, Andries Smith, Willem Nel, Theunis Nel, Stoffel Lotter en Wynand Maré, het egter self fluks gehelp,[36] sodat daar darem redelike vordering gemaak

---

34) Ibid.

35) In 'n brief wat in Mei 1839 in Port Natal geskryf is, word o.a. gesê: „Onze vrienden in de hoofdstad, Pieter-Maritz-Burg, zyn begonnen aldaar eene Kerk te bouwen ...." (De Zuid-Afrikaan, 7 Junie 1839). Hierdie mededeling kan betrekking hê op Aktiwiteite in verband met die eerste tydelike plek van aanbidding ( die „rietkerk"?) maar dié bedehuis is - soos ons opgemerk het - vermoedelik aangekoop en nie as 'n kerkgebou opgerig nie. Dit kan ook slaan op die voorbereidende werk in verband met die kerkgebou waarmee die Trekkers in Mei 1839 hard besig was. As dit egter wil sê dat met die bou van die kerk, dié wat later in 'n pastorie verander moes word, d.i. die huidige Voortrekker-museum, reeds in Mei 1839 begin is, dan is dit bepaald 'n vergissing want hiermee is definitief nie vóór April 1840 'n aanvang gemaak nie.

36) Sien herinneringe van J. H. Steenkamp, Sr., van Rustplaats, Vryheid, Nov. 1916. Manuskrip in die N.A.; en brief J. H. Steenkamp, Jnr., aan John M. Hershensohnn, dd. Rustplaats, 31 Maart 1910. - Accessions 53 : Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg. N.A.

kon word. Die fondse was egter beperk, en op 29 September 1840 het die boukommissie die Volksraad gevra om 'n lening uit die Kerkfonds, wat die Volksraad nog onder sy beheer gehad het, „ om de begonnene pastorie er mede te voltooijen, dat voor eerst tot een Godsdienstig gestig zal gebruikt worden".[37] Die Volksraad het die versoek toegestaan, en enige maande later kon die gebou voltooi word, - op 'n manier altans, soos spoedig nader sal blyk.

In 1841 kon die gebou ingewy word.[38] Dit was vir die gemeente rede tot groot blydskap. Volgens verskeie Voortrekkerafstammelinge getuig die mondelinge tradisie in hulle families baie sterk hiervan. Mej. A. M. Uys, wie se moeder as kind die inwyding van die Kerk bygewoon het, verklaar dat haar moeder met nadruk van die vreugde vertel het:

> „ Sy kon goed onthou hoe groot die vreugde was toe die Kerk ingewy is. Die mense was so arm dat hulle met moeite die skuld kon betaal; gedurig moes daar gekollekteer word en sommige mans het vrywillig met die geboue gehelp, timmerhout gekap en aangery. Met die inwyding het die mense hulle eie banke en stoele aangedra, en dit was die geval met elke diens totdat hulle banke en stoele vir die Kerk kon koop". [39]

Met die mededelings van mej. Uys het ánder Voortrekkerafstammelinge, mevv. A. E. Ebertsohn, M. Adendorf, J.M. Friend en E. C. Vermaak, hulle verenig.[40] J. H. Steenkamp, Sr., wie se naam ons reeds as een van die bouers genoem het, het weer verklaar dat die Kerk hulle Bethel was.[41]

Op 16 Januarie 1841 het die Volksraad vir Daniel Lindley, nadat sy „ documenten" ondersoek en in orde bevind is, tot predikant benoem.[42] Van die tyd af toe hy sy bediening aanvaar het, het daar nou weer skeiding tussen wêreldlike en

---

37) Preller, Voortrekkerwetgewing, p. 78.

38) Vgl. herinneringe van J. H. Steenkamp, Sr. - MS. in die N. A.

39) Sien Die Natalse Afrikaner, 3 Julie 1947.

40) Ibid.

41) Accessions 53: Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg, N.A.

42) Preller, Voortrekkerwetgewing, pp. 91 - 92.

kerklike gesag gekom. Die Kerkraad het van tyd tot tyd bymekaar gekom om in verband met kerklike sake die nodige maatreëls te tref, en een van die sake wat van die begin af hulle aandag geniet het, was die kerkgebou self.

Dit blyk dat die gebou maar baie swak gebou was - iets wat 'n mens onder die omstandighede ook kon verwag - en dat dit al baie gou moeite gegee het. By die inwyding was dit inderdaad nog nie behoorlik voltooi nie. Dit was van 'n plank dank voorsien wat al gou erg ondig geword het. Op 6 Julie 1841 word namens die Kerkraad verklaar:

„ Op de dag van voorberijding is er een regen gewees en de mensen moes alle toen uit de kerk gaan so als de kerk gelek heef". 43)

Die plank dak moes deur 'n grasdak vervang word; daar moes banke aangebring word; en daar moes 'n galery ingebou word ten einde vir al die mense plek te vind. Die Kerkraad het kollektelyste uitgestuur om die nodige fondse te vind. By die eerste lys lees ons:

„ Daar de noodzaakelijk (heid) vorderd om de planken dak van het Kerkengebouw op te breken, wijl 'er geen goed voldoende voor handen zyt om dat over te trekken, zo is in een Kerkenvergadering op heden beslooten om de gebouw van gevels te voorsien en op die zelfe eene gras dak te leggen - waar in de gemeente op Kerkdaagen veilig zyn kan - als ook om verder in staat te koomen dat van binnen met gaanderyen en banken te voorsien - daar de gemeente dagglijks in 't opkomst tot gods huis vermeerderd". 44)

Op die lyste het die mense, soos voorheen, allerlei bydraes gegee: geld, goedere en arbeid, en hierdeur is die Kerkraad in staat gestel om die verbeterings aan te bring. Daar is egter in die loop van die volgende twee jaar met tussenposes nog altyd aan die gebou gewerk: adv. Henry Cloete, wat in die middel van 1843 as afgesant van die Britse Regering in Natal aangekom het, het aangeteken dat die bouwerk toe nog

---

43) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg : Lêer No. 1, Lyste 1841. N.A.

44) Ibid.

„ in progress" was.[45] Maar selfs na al dié moeite was die gebou nog nie in 'n goeie toestand nie, soos ons straks in die tweede deel van hierdie verslag sal sien.

Wat het ondertussen van die idee geword om die Kerk later in 'n pastorie te verander?

Die feit dat daar so gou aansienlike verbeterings aan die gebou aangebring is, laat 'n mens vermoed dat al vroeg van die idee afgesien is. Hierdie vermoede word bevestig as ons opmerk dat spoedig heeltemal nuwe voorsiening vir 'n pastorie gemaak word.

Alreeds op 14 Oktober 1839 het die Volksraad 'n erf vir 'n pastorie opsy gesit, t.w. erf No. 21 in Pietermaritzstraat.[46] Maar dit was ongerieflik geleë - veral te ver van die Kerk af[47] - sodat die Kerkraad nooit 'n pastorie daarop gebou het nie, maar liewer voorlopig 'n huis vir die predikant gehuur het. Aan die end van 1841 was die Kerkraad egter begerig om 'n bevredigende permanente reëling te tref, en hy besluit derhalwe op 24 Desember :

> „ dat een Memorie door de Heer J. B. Rudolph zullen worden geschreeven om aan de Edele Volk Raad voor te leggen inhoudende eene vergunning van een Erf in deze Hoof Plaats ten einde op dezelve een huis te kunne bouwen tot een wooning voor de Leeraar het welk voordeliger zal zyn als het geduurig voortgaan van huur gelden het welk anderzints tot een geheele Capitaal op loopen en nadeelig voor de Kerk zullen zyn". 48)

Of hierdie besluit wel uitgevoer is, en wat presies daarvan geword het, is nie duidelik nie, maar soveel staan vas dat die Volksraad nooit 'n ander erf vir 'n pastorie geskenk het nie. Miskien was daar op daardie oomblik geen geskikte grond meer beskikbaar nie, of miskien het die Volksraad ge-

45) S.G.O. II/5 : H.M. Commissioner H. Cloete; Register Erven claimed etc., pp. 99 - 100. N.A.

46) Ibid., p. 121. Sien ook S.G.O. III/5/2, Memorie No. 33. N.A. Hierdie erf het in die nabyheid van die huidige Argiefgebou gelê.

47) Vgl. versoekskrif van die Kerkraad, 4 April 1846. - S.G.O. III/5/2, No. 33. N.A.

48) Ned. Geref. Kerk I/1: Notule Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1841. N.A.

oordeel dat die Kerkraad maar sy erf kon verkoop om weer 'n ander een aan te skaf, wat trouens 'n verstaanbare houding sou gewees het.

In werklikheid is laasgenoemde weg ook gevolg. Van Johs. W. de Jager het die Kerkraad 'n erf gekoop, Loopstraat No. 33, wat baie naby die kerk gelê het en vroeg in 1839 aan De Jager toegeken was.[49] Die koopsom was 500 riksdaalders; die helfte sou die Kerkraad kontant betaal, die ander helfte na drie maande.[50] In die kerkkasseboek word onder datum 18 Januarie 1842 egter uitbetaling van die volle som van 500 riksdaalders aangeteken.[51]

Met die bou van die pastorie het die Kerkraad ook nie lank uitgestel nie. 'n Som van 2856 riksdaalders is teen 6% opgeneem uit die boedels van Johanna E. van Heerden, Isaak Johs. Landman en Gerrit Bothma, Sr. In September 1842 was die bouery reeds aan die gang en moes die eerste uitbetalings in verband daarmee gemaak word.[52]

Aan die pastorie is, net soos aan die kerkgebou, deur 'n lang tyd heen met rukke en stote gewerk. In Mei, Junie en Julie 1844 maak kassier diaken J. H. Bruwer nog 'n hele aantal uitbetalings,[53] en selfs in 1845 is daar, volgens die kerkstate, 'n som van 337 riksdaalders „aan diverse betaald voor 't voltooijen van de Pastorie".[54]

---

49) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, II/6: Korrespondensie, 1837-1937, Lêer No. 64. N.A. Op hierdie erf staan vandag die Seunstehuis van die Heilsleër.

50) Ibid.

51) Kerke Kassa Boek, No. 1. N.A. (Museum). Hier word per abuis van L. (i.p.v. J.) de Jager gepraat.

52) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg,: Lêer No. 4 .N.A.

53) Ibid. 'n Plattegrond, met spesiafikasies van die pastorie, word hier gegee. J.N. Boshof se mededelings wat ons hier vind, nl. dat die pastorie op Langmarkstraat 33 gebou is, is 'n vergissing. Dit moet klaarblyklik wees Loopstraat 33. Dieselfde vergissing het Boshof ook in die Kerkraadsnotule - wat deur homself geskryf is - van 6 Feb. 1843 begaan. - Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/2: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1843 - 1853, p. 2. N.A.

54) Ned. Geref. Kerk: Geldelike State en Ouditeursrapporte, 1837- 1929, Lêer No. 62. N.A.

Die koste van die erf het die Kerkraad ondertussen goedgemaak deur die perseel wat hy oorspronklik van die Volksraad ontvang het, Pietermaritzstraat 21, van die hand te sit. Die bekende sendeling, eerw. James Archbell, het dit vir 500 rds. gekoop, dus dieselfde som as wat die Kerkraad vir die nuwe erf betaal het, „ effecting thereby" - soos die Kerkraad enige jare later aan die Regering verklaar het - „ merely an exchange of land, and at the same time an improvement in its value".[55)]

Langs dié weg is die Voortrekkerpredikant, eerw. Lindley, van 'n behoorlike en permanente pastorie voorsien, en die Kerkraad kon die satisfaksie hê dat die grond daarvoor hulle in werklikheid niks gekos het nie.[56)] Maar hiermee is nou - en dit is vir ons die werklik belangrike punt - van die idee om die kerkgebou later in 'n pastorie om te skep, volkome afgesien. Die gebou wat in 1840 - '41 opgerig is, was van die dag af toe daar in 1842 met die bou van 'n pastorie op Loopstraat 33 begin is, in die oë van die gemeente definitief 'n tempel van aanbidding en dit sou permanent as sodanig gebruik word.

As ons sê „ permanent", dan bedoel ons dit natuurlik nie in absolute sin nie. Want die tyd kon aanbreek wanneer die gebou miskien só bouvallig sou wees dat dit nie meer na behore verbeter kon word nie, of wanneer weëns vermeerdering van die getal lidmate, dit miskien heeltemal te klein sou wees, en dan sou daar begryplikerwyse aan 'n nuwe gebou gedink moes word. Ons sal weldra ook sien dat die Voortrekkers

---

55) B.G.O. III/5/2, Memorie No. 33. N.A. Sien ook brief van Archbell aan J. Boshof, 2 Nov. 1843. - Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg , II/6: Korrespondensie, 1837- 1937, Lêer No. 57. N.A.

56) Hierdie pastorie is jarelank gebruik. Die huidige pastorie, dié wat langs die Voortrekkermuseum staan, is in 1883 opgerig. - Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, II/2: Pastorie ens., Lêer No. 5. N.A.

hierop bedag was. Maar dit verander niks aan die feit dat die gebou vir hulle definitief 'n bedehuis was nie, en dat die idee om later 'n pastorie daarvan te maak al sommer baie gou verdwyn het.

Die moontlikheid dat die gebou gou te klein sou wees, was aanvanklik nogal baie groot, want soos ons opgemerk het, het die getalle van die gemeente by die begin vinnig gegroei. Maar kort na die voltooiing van die gebou het hierdie moontlikheid in die verskiet verdwyn. In Junie 1842 het luit.-kol. Abraham Cloete, wat die weg vir Engelse anneksasie kom voorberei het, in Port Natal verskyn. Sowat 'n jaar later het adv. Henry Cloete gearriveer, wat anneksasie in Augustus 1843 deurgevoer het. By die oorgrote meerderheid van die Natalse Trekkers was daar diepe teleurstelling, en baie het hulle klaargemaak om weer oor die berge te trek.

In die vyf jaar, 1843 - 1848, het miskien twee-derdes van die Voortrekkers Natal weer verlaat. Wat Pietermaritzburg betref, het hulle getalle só gedaal dat eerw. Lindley en sy Kerkraad vroeg in 1846 teenoor die Regering moes getuig:

> „That in consequence of the removal of many of the members , the income of the Church has of late decreased to such an extent as to be insufficient to defray the fixed and necessary expenditure". 57)

Die kerkgebou sou dus seker nie gou te klein wees nie.

Op die vraag of die Voortrekkers na afloop van die Wenkommando in vervulling van hulle gelofte 'n kerkgebou opgerig het, het ons nou reeds heelwat lig gekry. Dit is opmerklik dat hulle self nooit die term Geloftekerk gebruik het nie, en ook dat hulle, toe hulle fondse en goedere ingesamel het, nooit self pertinent verklaar het dat hulle in vervulling van hulle gelofte die gebou gaan oprig nie. Na sulke direkte getuienis hoef 'n mens egter nie te soek nie. Die Voortrekkers het immers dadelik na afloop van die Wenkommando,

---

57) C.S.O.2236, Memorie No. 135. N.A.

toe hulle nog sterk in die gees van hulle belofte was, met die insameling begin, en die bydraes wat hulle gegee het, was klaarblyklik vir die gebou wat almal van geweet het en almal verwag het, die gebou waarvoor C. J. Brand in Kaapstad ook fondse ingesamel het en wat - soos hy middel 1839 geskryf het - „ gy den Heere hebt beloofd".[58)]

Ons het ook gesien watter gehegtheid daar by die mense aan die ou gebou was; hoe hulle in hulle armoede daarvoor bygedra het;[59)] en hoe daar dankbaarheid in hulle harte was toe hulle die inwyding kon beleef. Nog meer blyke van dié gehegtheid sal ons kry wanneer ons by die verkoop van die gebou in 1863 kom: tot hierdie stap het die Kerkraad - al het hy toe reeds 'n ander kerkgebou gehad - slegs onder die druk van baie swaar finansiële laste oorgegaan.

In die lig van dit alles, en veral ook in die lig van die feit dat die gedagte aan die latere verandering van die gebou so gou verdwyn het, lyk dit dus of daar werklik nie twyfel oor kan bestaan dat die ou Voortrekkerkerkie wel die Geloftekerk van die Voortrekkers was nie. Voordat 'n kategoriese uitspraak gegee kan word, moet ons egter nog eers ondersoek of die Voortrekkers nie beoog het om later 'n ander kerk te bou nie, en of so 'n latere kerk nie moontlik vir hulle die ware Geloftekerk sou gewees het nie.

## II. Het die Voortrekkers beoog om later 'n groter, waardiger Geloftekerk te bou?

Hierdie vraag hang baie nou saam met die eiendomme wat die Kerkraad in Pietermaritzburg in sy besit gekry het, en

---

58) Sien voetnoot No. 16.

59) Selfs 'n vooraanstaande, invloedryke man soos Johs. Stephs. Maritz, wat op 28 Mei 1839 in 'n brief aan Andries Pretorius gepraat het van „ deze armoedigen tyd", het swaar gekry. - Pretorius en Kruger, Voortrekker-Argiefstukke, 1829 - 1849, p. 70.

daarom moet nou eers 'n oorsig hiervan gegee word.

Onder die kerkeiendomme vind ons eerstens dié wat reeds genoem is: Langmarkstraat 34, d.i. waar die kerk gebou is; Pietermaritzstraat, 21, d.i. die erf wat oorspronklik vir 'n pastorie bedoel was maar wat Archbell later gekoop het; en Loopstraat 33, d.i. die erf wat van De Jager oorgeneem is en waar die pastorie toe verrys het.

Die eerste hiervan, Langmarkstraat 34, het die Kerkraad nie lank ongeskonde behou nie. Die kerk was heeltemal op die een kant daarvan gebou, en toe die gemeente in 1846 finansieel baie swaar gekry het, het die Kerkraad by die Regering verlof gevra om die onbeboude helfte daarvan te verkoop,

> „the remaining half of the said Erf being" - soos die Kerkraad ~~aan die Regering~~ meegedeel het - „sufficient for the purposes of public worship." [60]

Die Regering het toegestem en op 4 Mei 1846 is die oop helfte aan Boshof verkoop vir £100 - 5.[61]

Maar daar was ook nog verskeie ander kerkeiendomme. Toe die Volksraad begin het om gronde in Natal uit te gee, het hulle - besonder godsdienstige mense soos hulle was - ook aan die belange van die Kerk gedink, en ons kan verwag dat hulle heelwat meer grond vir die Kerk sou uitgehou het as slegs twee erwe op die dorp. Ons vind dan ook dat hulle boonop nog twee plase in die distrik vir die Kerk opsygesit het, en dat hierdie toekenning inderdaad die waardevolste was, wat aan die Kerk gemaak is.[62]

Toe adv. Cloete in Natal was, het hy met betrekking tot die grondkwessie die volgende bepaling van die anneksasie-

---

60) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/2: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1843 - 1853, 4 April 1846; en C.S.O. 2236, Memorie No. 135. N.A.

61) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/2: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1843 - 1853, 4 Julie 1846. N.A.

62) Vgl. C.S.O. 2236, No. 135: Memorie van Lindley en sy kerkraad aan die Natalse Regering, 4 April 1846 . N.A.

proklamasie toegepas:

> „That the farmers and all others holding lands within the said district will be called upon by the said commissioner to make accurate returns showing the quantity of land which they, or those from whom they derive their claim, shall have bona fide occupied for a period of 12 months before the arrival of the said commissioner in order that - after such returns shall have been verified by the said commissioner - grants from the crown may be made to the several parties ...." 63)

Maar die Kerk se plase was kort tevore toegeken, en van okkupasie kon daar uit die aard van die saak nog geen sprake gewees het nie. Die gevolg was dat die Kerk die plase verloor het. Lindley en sy Kerkraad sê:

> „the two farms which the late Volks Raad granted to the Chruch in this District have reverted to Government in consequence of nonoccupancy." 64)

'n Ander stuk grond wat die Volksraad aan die Kerk gegee het, was die erf Langmarkstraat No. 33. Dit was ook 'n belangrike skenking, want die Voortrekkers het gemeen om, soos ons straks sal sien, wanneer dit miskien nodig mag word hulle nuwe kerk hier te bou. Maar hierdie eiendom het onder die nuwe Engelse bewind ook vir die Kerk verlore gegaan.[65)]

Onder die Engelse bewind het die Kerk twee verdere stukke grond ontvang: in 1850 'n uitgebreide perseel tussen Burgerstraat en die brug oor die Umsindusi-rivier, wat as 'n kerkhof gebruik is;[66)] en in 1856 'n plaas aan die Zwartkop, omtrent veertien myl ten weste van Pietermaritzburg.[67)] Van al hierdie kerkeiendomme is daar veral twee, Langmarkstraat

---

63) Du Plessis, Die Republiek Natalia, p. 210. - Argief - Jaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1942, I.

64) C.S.O. 2236, Memorie No. 135. N.A.

65) Op die geskiedenis van hierdie erf gaan ons weldra nader in.

66) Dit is die huidige Commercialweg-kerkhof. In 1918 en 1925 is dele hiervan aan die Engelse kerk verkoop. Sien Grants, Band 54, A. 1-46, No. 29; en Property Registers, III, p. 572. Akteskantoor, Pietermaritzburg.

67) Ook op die geskiedenis van hierdie toekenning gaan ons later dieper in.

33 en die plaas aan die Zwartkop, wat in die later verwikkelinge van betekenis sou word. Albei is van belang in verband met die bou van die nuwe kerk.

In 1852 was die dak van die kerk alweer in so 'n toestand dat die Kerkraad besluit het om 'n nuwe dak te laat opsit.[68] Dit het egter nie slegs aan die dak gehaper nie. Die hele gebou was, soos ons reeds voorheen opgemerk het, maar baie swak gebou en in 1855 het die destydse predikant, dr. H. E. Faure, ook gekla dat dit „ altogether in a state of dilapidation" was.[69] Onder sulke omstandighede het die Kerkraad oorweeg of dit gerade was om baie geld aan die gebou te spandeer en of dit nie verstandiger was om 'n nuwe kerk te bou nie.

Op 2 Oktober 1854 het diaken J. C. Boshof reeds in die Kerkraad voorgestel dat 'n nuwe kerkgebou opgerig moet word.[70] Ofskoon die Kerkraad sterk in hierdie rigting gevoel het, het hulle glad nie maklik die beslissing geneem om van die ou gebou af te sien nie. Daar is eers besluit om die saak na 'n vergadering van „ Mans ledematen" te verwys,[71] en op 9 April 1855 word weer 'n algemene gemeentevergadering daaroor gehou. Op laasgenoemde vergadering is finaal besluit om 'n nuwe kerk te bou en is daar ook 'n boukomitee gekies.[72]

Een van die vernaamste vrae was nou: Waar moes die nuwe kerk gebou word? Die oop helfte van die erf waarop die ou kerk gestaan het, Langmarkstraat No. 34, was reeds verkoop; die perseel tussen Burgerstraat en die rivier moes as 'n begrafplaas gebruik word; en op Loopstraat 33 het reeds die

---

68) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/2 : Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1843 - 1853, p. 67. N.A.

69) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1 - 300, No. 140. Memorie van dr. H. E. Faure, 18 Julie 1855. N.A.

70) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853 - 1874, p. 13. N.A.

71) Ibid.

72) Ibid., pp. 14 - 15.

pastorie gestaan. Die Kerkraad het begryplikerwyse toe gedink aan die mooi terrein net langs die kerk, Langmarkstraat 33, wat die ~~Kerk~~Volksraad oorspronklik vir die Kerk opsyggesit het, maar wat onder die nuwe bewind verlore gegaan het. Dit het nou deel van die markplein uitgemaak en het nog steeds ongeokkupeerd gelê. Dit moes nou vir die Kerk teruggekry word.

Op sy vergadering van 2 Julie 1855 gee die Kerkraad aan die predikant opdrag om 'n versoekskrif aan die Regering te rig en hierdie grond aan te vra.[73] Dr. Faure skryf dus op 18 Julie 1855 aan die Natalse Koloniale Sekretaris:

> „ In accordance with a resolution passed at the last meeting of the Consistory of the Dutch Reformed Church I have the honor to acquaint you, for the information of His Honor the Acting Lieutenant Governor, that the members of our Church have it in contemplation to erect a suitable and neat place of worship in this city .... the Consistory therefore prays that His Honor will kindly grant them a portion of the North East end of the Market place to be appropriated for the said purpose." 74)

Op 23 Julie het die Koloniale Sekretaris geantwoord:

> „ Memorialist is informed that the Market Square is the property of the community of the City and is about to be granted to the Mayor and Corporation. The Acting Lieutenant Governor therefore cannot entertain the present application". 75)

Maar Faure het hom nie maklik van stryk laat bring nie. As die perseel dan die eiendom van die stad geword het, dan was die Stadsraad die liggaam om dit op grond van die goeie reg van die Kerk aan die Kerkraad terug te gee. Op 28 Augustus 1855 skryf hy aan die Stadsraad om teruggawe van die grond te versoek.[76]

In die Stadsraad was daar lang besprekings oor die versoek. J. C. Boshof het die saak van die Kerk sterk be-

---

73) Ibid., p. 15

74) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1 - 300, No. 140. N.A.

75) Ibid. Sien ook Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, II/6: Korrespondensie, 1837-1937, Lêer No. 57 . N.A.

76) Vgl. C.S.O. 2244: Memorials , D. 1-300, No. 268. N.A.; en The Natal Witness and Agricultural and Commercial Advertiser, 7 Sept. 1855.

pleit:

> „The ground applied for was, in fact, that which had been set apart by the original Dutch settlers for a Church. The present building used for the purpose having been intended for a parsonage. The present parsonage being built on land purchased for the purpose." 77)

Eindelik het die Stadsraad besluit om Faure se versoek tot die volgende vergadering te laat oorstaan, ten einde eers ondersoek in te stel of Boshof se mededelings korrek was. 78)

Boshof het sonder moeite dokumentêre bewyse vir sy standpunt gevind, ~~en voorgelê,~~ en na oorweging daarvan het D.D. Buchanan, wat op die vorige vergadering sterk van Boshof verskil het, voorgestel:

> „That as by some error the erf No. 33, Longmarket Street, has not been conveyed to the Dutch Reformed Church, this Council (on the proof produced) agrees to restore the same to the original proprietors". 79)

Daar het 'n uitvoerige en soms warm bespreking gevolg, maar Buchanan kon die meerderheid van die lede nie aan sy kant kry nie. Die meerderheid was, na kennismaking met die bewyse, die versoek van die Kerk wel goedgesind, dog hulle het gehuiwer om die hele erf terug te gee. Vandaar dat 'n amendement van P. Ferreira, wat darem teruggawe van 'n gedeelte goedgekeur het, ten slotte aangeneem is:

> „That 150 by 100 feet, in the centre of erf No. 33, Longmarket Street, be allowed for the site of the Dutch Reformed Church ". 80)

Hiermee het die Raad hom nou, al was hy nie bereid om die hele erf terug te gee nie, met Boshof se bewyse tevrede verklaar, en het hy interdaad ook die aansprake van die Kerk erken.

As dit net van die Raad afgehang het, sou tenminste daardie gedeelte van die grond weer in besit van die Kerk

---

77) Dit is die betoog van Boshof soos gerapporteer in die Natal Witness and Agricultural and Commercial Advertiser, 5 Sept. 1855.

78) Ibid.

79) Ibid., 9 Nov. 1855.

80) Ibid.

gekom het, maar raadslid Leathern het in die Raad die wenk uitgespreek - 'n wenk, terloops, waarvoor Boshof ook gevoel het - dat die kwessie eers aan 'n openbare vergadering van Pietermaritzburgse ingesetenes voorgelê moes word. En om so 'n vergadering het veertig persone uit die publiek ook spoedig deur middel van 'n petisie kom versoek. 81)

Die vergadering is in November 1855 gehou, en hier het dinge vir Boshof verkeerd geloop. Voor- en teenstanders van die Kerk se versoek het warm geword; weldra was die byeenkoms baie oproerig, en eindelik het die voorsitter - wat seker nie deur 'n ferme leiding van die vergadering gekenmerk is nie - die stoel verlaat, terwyl die vergadering in verwarring uiteengegaan het sonder dat enige besluit geneem is. 82) Vir die Stadsraad was hierdie verloop blykbaar 'n skok, want ons vind dat hulle daarna op 'n spesiale byeenkoms hulle vorige resolusie in hersiening geneem en nou besluit het:

> „ that the Council is of opinion that the Dutch Reformed Church is equitably entitled to the Erf applied for, but that owing to legal impediments arising through the latches of the applicants it is found impossible for the Council to entertain their Memorial." 83)

'n Mens begryp dadelik dat daar in hierdie geskil enorm veel afgehang het van die bewyse wat Boshof ter stawing van die Kerk se aansprake aangevoer het, en daarom is dit nodig om goed hierop te let.

Die eerste was 'n gesamentlike verklaring wat vier Voortrekkers- Frederik Coenraad Scheepers (lid van die Volksraad in 1840 84)), P. H. van Rooyen, G. Maritz, en P.A.R. Otto, op 26 September 1855 voor 'n vrederegter afgelê het:-

> „ Wy ondergetekenden verklaren mitz deze ons duidelyk en goed bewust te zyn, dat het Erf naast de Kerk zynde een gedeelte van de markt door den Volksraad is uitgehouden voor een Kerk Gebouw voor de Neder-

---

81) Ibid., 23 Nov. 1855.

82) Ibid.

83) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1 - 300, No. 268. N.A.

84) Vgl. b.v. Preller, Voortrekkerwetgewing, pp. 34,43, 44 ens.

duitsche Gemeente. Wy houden ons overtuigd dat door de verwarring ontstaan by de overgave des Lands men verzuimt heeft, om zulks by Haare Majesteits Commissaris te laten registreeren - de bestemming van het tegenwoordig Kerk Gebouw was oorspronkelyk voor eene Pastorie." 85)

Op 5 Oktober 1855 het J.P. Zietsman, met wie ons reeds ~~voorheen~~ kennisgemaak het en wat in 1840 landdros van Pietermaritzburg was, 'n gelykluidende maar uitvoeriger verklaring voor 'n vrederegter gemaak:

„ I Johan Philip Zietsman do hereby declare that in 1840 being then the Landdrost at this place under the Volks Raad was requested by a building committee to join them to select a place for the erection of a temporary place of worship, which was fixed where the present Dutch Reformed Church now stands. The present building was erected to be used as a temporary Church, and to be altered afterwards when more funds in hand to build a proper Church for a parsonage, with the extend of a full Erf. On my request then where they was intended to build the proper Church they spoke of to build hereafter. The next ground on the present Market Square was pointed out to me, to which I gave my consent and was afterwards approved of by the Volks Raad in their first 86) sitting. The reason why that piece of land for the intended Church was not registered with Her Majestey Commissioner I cannot say other than on account of confusion then existed under the Volks Raad as well as under the public." 87)

Daar bestaan o.i. geen rede om die egtheid en betroubaarheid van hierdie verklarings in twyfel te trek nie. Met die eerste oogopslag lyk dit weliswaar vreemd dat die Kerkraad,wat volgens hierdie verklaring dan in 1842 oor Langmarkstraat 33 sou beskik het, in dieselfde tyd 'n terrein vir 'n pastorie - Loopstraat 33 - vir 500 riksdaalders sou gekoop het! In werklikheid is dit egter glad nie vreemd nie: Langmarkstraat

---

85) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1 - 300, No. 268. N.A.

86) „ First sitting" moet hier geïnterpreteer word as die eerste sitting nadat die grond uitgesoek was, en nie as die heel eerste sitting van die Volksraad nie. Die eerste sitting van die Volksraad het immers vroeg in 1839 plaasgevind, terwyl Zietsman eers aan die einde van hierdie jaar landdros geword het. - Vgl. Preller, Voortrekkerwetgewing, pp. 1. en 24.

87) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1 - 300, No. 268. N. A. Die taal van die verklaring, wat soms maar swak is, word hier onveranderd gelaat.

33 was volgens albei verklarings definitief vir 'n kerk voorbehou, sodat die Kerkraad blykbaar nie ook 'n pastorie daarop wou bou nie; en bowendien moet ons onthou dat Loopstraat 33 die Kerkraad in werklikheid niks gekos het nie, aangesien hulle dit vir dieselfde prys gekoop het as wat hulle vir die ou pastorie-erf, Pietermaritzstraat 21, van Archbell gekry het.

Ons moet hierdie getuienisse dus aanneem - soos die Stadsraad van Pietermaritzburg hulle in 1855 aangeneem het - en ons kan J. C. Boshof ook glo waar hy in die stadsraadsvergadering van 7 November 1855 verklaar het dat hy nog 'n honderd sulke verklarings kon gekry het.[88] Daar moes in 1855 nog baie ander Voortrekkers gewees het wat dié getuienis sou kon gestaaf het, maar Boshof het tereg aangeneem dat die plegtige verklaring van vyf fatsoenlike burgers voldoende was. Dat Langmarkstraat 33 oorspronklik deur die Volksraad vir die Kerk opsygesit is, en dat die bedoeling definitief was om later daar 'n kerkgebou op te rig, moet dus as histories juis aanvaar word.

Dr. Faure was egter nie die man om hom gedweë by die besluit van die Stadsraad neer te lê nie. Pas was die besluit bekend, of hy wend hom weereens tot die Regering. Aan die Koloniale Sekretaris deel hy die antwoord van die Stadsraad mee; hy stuur eksemplare van die genoemde verklarings op; en hy versoek die Koloniale Sekretaris om die saak aan die waarnemende Luitenant-Goewerneur voor te lê. Hy vervolg:

> " The Consistory willingly admits that through the mismanagement and neglect of its former office-bearers who omitted the proper registration, of the erf with Her Majesty's Commissioner for the time being , all legal claim to the ground has been lost to the Dutch Reformed Church, but as the Government has frequently overlooked such neglect on the part of private individuals and notwithstanding their ommission restored to them their land they laid claim to, the Consistory

88) The Natal Witness and Agricultural and Commercial Advertiser, 9 Nov. 1855.

> of the Dutch Reformed Church humbly trusts and prays that His Honor will be disposed to use the same clemency to a public body and restore to the Dutch Church such a portion of the said erf adjoining the present Church as will be sufficient to build a Church upon." 89)

'n Paar dae later het die antwoord van die Luitenant-Goewerneur gekom:

> „ The land prayed for has been alienated by the Crown in favour of the Corporation of Pietermaritzburg in trust for the inhabitants of the Borough. The power of the local Government to deal with the land in question having consequently ceased, Memorialist is informed that the Acting Lieutenant Governor is unable to interfere in this matter". 90)

Hierdie antwoord was vir Faure baie teleurstellend, en hy het die saak nie sonder meer daarby gelaat nie. Op 26 Desember 1855 skryf hy weer om te vra of die owerheid nie 'n ander perseel vir die Kerk beskikbaar sal stel nie, óf as kompensasie óf as 'n skenking:

> „ the Consistory therefore prays, that His Honor will be pleased to grant a site to the Dutch Reformed Church in the centre of the land received by the Government on the Commercial Road opposite the Market Square, either as a compensation for the Erf to which the Dutch Church is equitably entitled, according to the opinion of the present holders thereof, or as a Government Grant to the Dutch Church." 91)

Aangesien die Luitenant-Goewerneur, net soos die Stadsraad, ingesien het dat daar onreg aan die Kerk geskied het, moes hy hierdie versoek van Faure gunstig oorweeg, en vir Faure was dit seker 'n verblydende uitkoms toe die antwoord gekom het:

> „ The Lieutenant Governor is unable to grant the request; His Honor is however quite prepared to grant 2000 acres of land in the country as an endowment for the Church in question provided the Consistory are able to provide for themselves by purchase or otherwise the necessary site; the land to be selected as soon as possible must be free from local objection". 92)

Ses maande later, 18 Julie 1856, het Faure weer uit naam van die Kerkraad aan die Luitenant-Goewerneur geskryf om te vra

---

89 ) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1-300, No. 268. N.A.

90) Ibid.

91) Ibid. No. 275.

92) Ibid.

„ that His Honor may be pleased to grant to them lot No. 50 on the Government Map of the country."[93] Die Luitenant-Goewerneur het toegestem en aan die Landmeter-Generaal opdrag gegee om kaart en transport ten gunste van die Kerkraad uit te maak.[94] In die Kerkraad was daar dankbaarheid en blydskap toe die leraar in die vergadering van 4 Augustus 1856 verslag gedoen het,

> „ dat het Gouvernement er toe is overgegaan om aan de Nederduitsch Gereformeerde Kerk te Pietermaritzburg een stuk grond achter den Zwartkop ter grootte van 1885 akers te geven ter vergoeding van het erf op de openbare Markt naast de Kerk". 95)

Hierdie grond, veertien of vyftien myl ten weste van Pietermaritzburg geleë,[96] was goeie boerderygrond en vir die Kerk beslis 'n waardevolle aanwins.

Die Kerk het egter fondse broodnodig gehad, sodat die Kerkraad al gou geprobeer het om die grond te gelde te maak. In 1862 is die helfte daarvan verkoop teen vir daardie tyd 'n baie goeie prys, nl. 10/- per akker, of 'n totale som van £466.[97] Die ander helfte het die Kerkraad eers heelwat

---

93) S.G.O., III/5/15, Memorie No. 49. N.A.

94) Ibid. Die oorspronklike skenkingsakte met kaart en transport is te vinde in Grants, Band 54, No. 42. Akteskantoor, Pietermaritzburg.

95) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853 - 1874 , p.20. N.A.

96) Vgl. Lot No. 50 op die Natalse Streekkaart No. 53 .

97) Die koper was F. J. Smith woonagtig in Cornwall, Engeland. Namens hom het E. J. H. Pascoe opgetree, met wie die Kerkraad later baie moeilikheid gehad het. Daarna het die grond agtereenvolgens in die besit gekom van Robert Lindsay, Thomas Morton en Daniel B. Scott (gesamelik), Agnes Muir, en eindelik van die Natalse Naturelle-trust. Sien in die Natalse Argief : Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3 : Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853-1874, pp. 46, 54, 55, 57, 79 en 81; en Ibid., II/6: Korrespondensie, 1837-1937, Lêer No. 57. In die Akteskantoor, Pietermaritzburg, die volgende: Property Registers, Band 3, p. 585; Deeds of Transfer, 101 - 200, 1863, No. 151½ ; Ibid., 201 - 300, 1878, No. 208; Ibid., 601 - 700, 1890, No. 681; Ibid., 301 - 400, 1901, No. 303; Ibid., 2601 - 2675, 1919, No. 2659; Ibid., 2701 -2775, 1920, No. 2733; Ibid., 5401 - 5475, 1920, No. 5435; en Ibid., 2901 - 2950, 1936, No. 2933.

later verkoop, t.w. in 1879, en wel vir £425.[98] Vir die hele stuk grond het die Kerk dus altesame £891 ontvang.

Hierdie bedrag was die kompensasie wat die Kerk vir die verlies van Langmarkstraat 33 gekry het, en, uit suiwer materiële oogpunt gesien, was dit vir daardie tyd redelike goeie kompensasie. Daar is egter sekere dinge waarvan die waarde nie in harde geld bereken kan word nie. 'n Mooi, ruim terrein, gunstig geleë, het op die duur vir geestelike werk in 'n gemeente onberekenbare waarde, en die verlies daarvan kan nou eenmaal nie met kompensasiegeld goedgemaak word nie.

Maar bowendien is dit 'n feit dat, selfs uit suiwer materiële oogpunt beskou, die Kerk nog nie vir al sy verliese vergoed was nie. Vir sy grootste en vernaamste materiële verlies, die twee plase wat die Volksraad oorspronklik in die distrik vir die Kerk opsygesit het en wat onder die nuwe bewind verlore gegaan het, is daar geen vergoeding ontvang nie. En vir 'n gemeente wat van die begin af grotendeels uit behoeftige mense bestaan het, en voortdurend met ernstige finansiële probleme moes worstel,[99] was dit voorwaar geen

---

98) Hierdie stuk is ook deur Robert Lindsay gekoop, wat beteken dat hy toe die hele Lot 50 in sy besit gekry het. Na hom het ander eienaars dit gehad, soos in die vorige voetnoot vermeld word. - Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853 - 1874, 8 Jan. en 1 April 1872; en Ibid., II/6: Korrespondensie, 1837-1937, Lêer No. 57. N.A. Ook Property Registers, Band 3, p. 585; en Deeds of Transfer, 401-500, 1879, No. 463. Akteskantoor, Pietermaritzburg.

99) Die Kerkraad moes dikwels lenings aangaan, verbande op kerkeiendom laat neem, en allerhande ander planne ~~te~~ beraam om die finansiële moeilikhede te bowe te kom. In 1892 is ten slotte selfs die moontlikheid genoem dat die gemeente, vanweë die klein getal van sy lede en die drukkende finansiële laste, ontbind sou moet word. Vgl. b.v. Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853 - 1874, pp. 16 en 57; Ibid., II/6: Korrespondensie, 1837-1937, Lêer No. 57 (en verskeie stukke hierin); en C.S.O. 126: Letters, R. 1059/1860 (stukke dd. 20 en 24 Okt., en 12, 13 en 15 Nov. 1860). Almal in N.A.

kleinigheid nie.

Inmiddels het die Kerkraad, ofskoon hy Langmarkstraat 33 nie vir die nuwe kerk gekry het nie, met sy bouplanne voortgegaan. Met moeite is die nodige fondse versamel: kollektelyste is rondgeneem, lenings is aangegaan, 100) en voorbereidsels is getref om die kompensasiegrond te verkoop. Die nuwe kerk is net langs die ou gebou opgerig, d.w.s. op die halwe erf van Langmarkstraat 34, waarop die ou kerk ook gestaan het. Sondagoggend, 7 April 1861 , kon die nuwe gebou ingewy word; by die verrigtinge was verskeie hooggeplaastes, soos die Luitenant-Goewerneur, die Hoofregter en die Sekretaris van Naturellesake, ook aanwesig. 101)

Die nuwe kerk is omtrent net so groot soos oue gebou. Die wydte van die geboue is dieselfde, naasteby 27 voet, maar die nuwe kerk is darem vier voet langer as die oue, 54 voet teenoor 50 voet, terwyl daar in albei galerye aangebring is, waarvan dié in die nuwe kerk egter maar baie klein is. 102) Die geboue sal min of meer ~~sou~~ dieselfde getal mense gehuisves het. Hieruit volg dat die Kerkraad die nuwe kerk nie gaan bou het omdat die oue te klein sou geword het nie - soos dikwels wel gemeen word- maar dat hulle hoofsaaklik om 'n ander rede moes gebou het. Wat dié rede was, het ons reeds in Faure se brief van 18 Julie 1855 aan die Regering gesien:

> „as the one at present in use is altogether in a state of dilapidation". 103)

Na voltooiing van die nuwe kerk het die vraag ontstaan, wat met die ou gebou gedoen moes word. Dit was vir Kerkraad

---

100) Vgl. bronne in vorige voetnoot.

101) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads - en Gemeentevergaderings, 1853 - 1874, p. 46. N.A.; en verslae van die plegtigheid, The Natal Mercury (11 April 1861) en De Kerkbode ~~(XIII, 10)~~ (18 Mei 1861)

102) Eie waarneming.

103) C.S.O. 2244: Memorials, D. 1 - 300, No. 140. N.A.

en gemeente 'n moeilike vraag: hulle was geheg aan die ou gebou, en ofskoon hulle op Saterdagoggend, 6 April 1861, plegtig afskeid daarvan geneem het,[104] het hulle nog nie gevoel of hulle daarmee klaar was nie. Ds. P. Huet, wat toe predikant van die gemeente was, het in 'n „ Afscheidslied" aan die ou gebou o.a. geskryf:

> „ 't Was een neederige Woning
> Maar toch d'eerst in dezen Staat." 105)

Die Kerkraad het verkeie voorstelle in verband met die ou kerk voor hom gehad, en lank gewik en geweeg. Op verskeie vergaderings is aandag aan die kwessie gewy. Eers is besluit om die ou kerk as 'n skoolgebou te bewaar; toe sou dit weer te huur aangebied word; en daarna is oorweeg of dit nie verkoop moes word nie, „ aangezien geen ander kans is uit te schuld te geraken". Daar was verskeie ander goeie redes waarom die verkoop van die gebou oorweeg moes word:

> „ Dat het gebouw vervalt; dat eene groote som noodig zyn zonde om het in te rigten tot een woonhuis ten einde het te verhuren; dat het gelyk het is niet kan verhuurd worden dan als Gouvernement-School, en er geene waarschynlykheid is dat het daartoe permanent zal worden gebruikt; eindelyk, dat de Kerkeraad geen vooruitzigt ziet om het hetzy als een schoolgebouw onzer Gereformeerde Kerk, hetzy als een gesticht te gebruiken". 106)

Op voorstel van Ds. Huet is toe besluit om eers die gemeente van die kansel af oor die saak in te lig, en gemeentelede behoorlik tyd te gee om hulle uit te spreek. Dit het gebeur, waarop die ou gebou eindelik op 26 Junie 1863 aan die heer Vicar Brayhirst vir £840 verkoop is, onder voorwaarde

> „ dat het gebouw nimmer worde gebruikt, zonder toestemming van den geheelen Kerkeraad, als een Hotel of Cantien van eenige descriptie". 107)

---

104) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853-1874, p. 46.

105) De Kondschapper, Des. 1908, p. 38.

106) Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, p. 57. Sien ook pp. 47 en 55.

107) Ibid., pp. 57 - 58.

Die verkoop was vir die Kerkraad wel nie 'n gelukkige transaksie nie, want Brayhirst het sowat twee jaar later bankrot gespeel, en die gebou moes teruggeneem word.[108] Hierna is dit toe 'n tydlank as 'n skoolgebou aan die Regering verhuur, en ten slotte in 1873 aan D. Whitelaw vir £700 verkoop.[109]

Aldus het die ou gebou uit die hande van die gemeente gegaan; eers in 1910 sou dit weer uit private besit teruggekoop word om dan later volkseiendom te word.[110]

Ons sal opgelet het dat die Kerkraad met die verkoop, net soos toe hy besluit het om 'n nuwe kerk te bou, geensins onverskillig oor die ou gebou geoordeel het nie; inteendeel, die mense het geheg daaraan gevoel, en hulle het slegs na rype beraad besluit om die gebou van die hand te sit. Blyke van hierdie gehegtheid was daar weereens in oorvloed in 1910 toe die gebou uit private besit teruggekoop is. J. H. Steenkamp, seun van 'n ou Voortrekker wat destyds nog geleef het, het b.v. geskrywe :

> „Wy zyn zeer blyde .... dat de Commissie er in geslaagt zyn om de kerkje terug te kopen het is waarlyn een vingerwysing van den Heer aan de Commissie om dat gebouw in handen te krygen voor een gedagtenis voor ons Afrikaanse Volk. My ou vader zeg dat ik de Commissie namens hom uit de diepte zyns harte geluk wensen moet met het terugkopen van de Kerkje." [111]

En so het ook baie ander in daardie tyd gevoel.[112]

By hierdie stadium moet ons nou terugkeer tot wat aan die end van die eerste afdeling gesê is. Op grond van wat in

---

108) Ibid., p. 75.

109 ) Ibid., pp. ~~75, 113, 114, 115, 116, 117 en 118.~~ 75 en 113-118.

110) Die komitee wat hom vir die terugkoop beywer het, het bestaan uit ds. (tans prof.) G. M. Pellisier, die heer John Hershensohnn en die huidige voorsitter van die Sentrale Volksmonumente-Komitee, dr. E. G. Jansen, wat as sekretaris opgetree het. Vgl. b.v. hulle oproep om fondse, dd. Pietermaritzburg, 1 Junie 1909, wat indertyd in die vorm van 'n vlugskrif verskyn het, en hulle ope brief aan die volk van Suid-Afrika, wat ook as vlugskrif gedruk is en waarmee hulle op 21 Maart 1910 die terugkoop van die gebou aangekondig het.

111) Brief ~~aan~~ van 31 Maart 1910 ~~van~~ aan John M. Hershensohnn. - Accessions 53 : Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg. N.A.

112) Vgl. veral brief van C.J. van der Berg- wat nog aan die ou kerk help bou het en daarin lidmaat geword het - in De Kondschapper, Sept. 1909; ~~Sien~~ ook onder stukke in hierdie blad.

daardie afdeling aangetoon is, het dit vir ons voorgekom of daar nie twyfel oor kan bestaan dat die ou Voortrekkerkerkie die Geloftekerk van die Voortrekkers was nie. Voordat 'n definitiewe uitspraak gegee kon word, moes egter eers nog ondersoek word of die Voortrekkers nie beoog het om later 'n ander kerk te bou nie, en of so'n latere kerk nie miskien hulle ware Geloftekerk sou gewees het nie.

Ons het nou gesien dat hulle wel 'n baie geskikte terrein vir kerklike doeleindes opsygesit het, en dat hulle ook definitief beoog het om later daar 'n beter en geskikter kerk te bou, maar ons het geen bewys teengekom dat so 'n kerk vir hulle die eintlike vervulling van hulle Gelofte sou gewees het nie. Zietsman sê in sy verklaring wel dat hulle op die betrokke grond „a proper Church" wou oprig, maar hiervan durf 'n mens nie sommer aflei dat hy daarmee die eintlike Geloftekerk bedoel het nie. En die nuwe kerk wat toe gebou is, kan ook geensins as Geloftekerk beskou word nie, want in die onderhandelings oor die grond, die verkryging van kompensasiegrond, die insameling van fondse, en die werklike bou en inwyding van die nuwe kerk, is daar nooit die minste sprake van dat dit in vervulling van die Gelofte gebou is nie.

Hierteenoor het ons die voorgeskiedenis van die ou gebou - soos ons dit in die eerste afdeling gevolg het - en die gehegtheid van die mense daaraan. Ons het ook die mondelinge tradisie, wat in hierdie geval betreklik jonk en werklik oorweldigend is. Ongeveer 1880 het dit selfs tot 'n Engelse skrywer soos Moodie met soveel oortuigingskrag gespreek, dat hy in verband met Sarel Cilliers o.a. kon skryf:

> „Chaarl Cilliers was for many years an elder of the Dutch Reformed Church at Pietermaritzburg, which he and others of the primitive Boers erected as a memorial of the gracious Providence which crowned their arms with victory on the occasion of the battle with Dingaan in 1838". 113)

113) Moodie, History of the Battles in Southern Africa, I, p. 436 (Kaapse uitgawe, 1888).

Maar selfs as ons sou aanneem dat Zietsman met „ a proper church" die eintlike Geloftekerk bedoel het, dan staan dit nogtans vas dat die ou kerk in werklikheid ~~al~~ die enigste Geloftekerk is wat die Voortrekkers vir ons nagelaat het. Die verloop van die geskiedenis was nou eenmaal só dat die meerderheid van hulle Natal weer verlaat het, en, wat hulle met betrekking tot hulle Gelofte ook al later nog beoog het, die feit bly staan dat hulle nóg in Natal nóg in die Vrystaat en Transvaal enige ander Geloftekerk as dié in Pietermaritzburg gebou het.

Alles in aanmerking genome, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die ou kerkie, die huidige Voortrekkermuseum, die ware ( en eintlike) Geloftekerk van die Voortrekkers was; dat hulle dit só beskou het, en dat ons dit vandag ook nog in dié lig moet sien.

Aan Langmarkstraat 33, waar die Voortrekkers later hulle groter kerk wou bou, kleef daar nietemin vir die Afrikaner vandag veel sentiment. Dit is 'n terrein wat ons ten nouste met die Voortrekkers assosieer; dit herinner ons aan hulle onvergelyklike baanbrekerswerk, en veral aan hulle kinderlike godsvrug. Aangesien die Kerkraad van 1843 versuim het om dit op naam van die Kerk te laat registreer, en die Kerkraad van 1856 kompensasiegrond daarvoor uitgekies en ontvang het, het die Pietermaritzburgse moedergemeente regtens vandag wel geen aanspraak meer daarop nie, maar dit is te hope dat die huidige Kerkraad tog daarin sal slaag om hierdie historiese terrein weer in besit van die Kerk terug te kry. Die voorneme van die Kerkraad om daar, in die middel van die Voortrekkerstad, 'n waardige monument in die vorm van 'n kerkgebou aan die nagedagtenis van die Voortrekkers te wy, verdien stellig heelhartige ondersteuning. Dit verteenwoordig 'n verhewe gedagte, aan die uitvoering waarvan baie in ons land seker moreel en materieel sal wil saamwerk.

## VERNAAMSTE BEVINDINGS.

1. Toe die Voortrekkers kort na afloop van die Wenkommando in 1839 met die insameling van fondse en materiaal vir 'n kerkgebou begin het, het hulle definitief die Kerk van hulle Gelofte op die oog gehad.

2. Nadat die Volksraad in 1840 'n leraar uit die Kolonie beroep het, is besluit dat daar later, wanneer meer fondse beskikbaar was, 'n nuwe kerk opgerig sou word en dat die eerste gebou dan in 'n pastorie verander sou word.

3. Vir die ou gebou het die Voortrekkers in elk geval besonder sterk gevoel en in hulle armoede met geesdrif daarvoor bygedra.

4. Die ou gebou het vir die Voortrekkers al baie gou definitief 'n kerkgebou geword, want alreeds aan die end van 1841 maak die Kerkraad ~~alreeds~~ reëlings vir 'n nuwe pastorie.

5. Dit is nietemin 'n feit dat die Volksraad 'n ander terrein, Langmarkstraat 33, vir 'n latere, grotere kerkgebou opgesit het.

6. Daar bestaan egter geen historiese bewyse dat die Voortrekkers op hierdie terrein 'n Geloftekerk wou bou nie.

7. Toe die Kerkraad Langmarkstraat 33 nie kon terugkry nie, het hulle kompensasie daarvoor aanvaar, en 'n nuwe kerk opgerig wat geensins met die Gelofte in verband gestaan het nie.

8. In die lig van die ou kerkgebou se ontstaan, die gehegtheid van die mense daaraan, en die oortuigende, betreklik jong mondelinge oorlewering, staan dit vas dat dié gebou die ware Geloftekerk van die Voortrekkers is.

9. Selfs as ons sou aanneem dat hulle hul eintlike Geloftekerk op Langmarkstraat 33 wou gebou het, dan het die historiese verloop nogtans meegebring dat die ou kerkie

in werklikheid die enigste gebou was wat hulle in vervulling van hul gelofte opgetrek het.

10. Aan Langmarkstraat 33 kleef daar nietemin veel sentiment, en die plan van die Kerkraad van die Pietermaritzburgse moedergemeente om daar 'n waardige kerkgebou ter huldiging van die nagedagtenis van die Voortrekkers op te rig, verdien allerweë hartlike ondersteuning.